**gestroop**

In die Kruger Nasionale Park simboliseer volmaan nie lipstiffie nie, maar bloed in water en bloed op die maan. Dit ets renosterbloed in die sand. Dit is twee en 'n half uur na middernag. Die koue wind is grys. Die naggeluide is ook grys. Die struike en bome is grys, die bergknoppe ligter, die horisonbreuk witgrys. Die hemel bo die horison blou. Die spruitwater is grys. Dis die tyd wanneer toordoktordoepa 'n onsigbaarheidsmantel oor stropers se eskapades trek. In China, Japan, die Ooste, in die veelkleurige hemelhoog hotelle, tussen die miljoene mensies wat soos smarties wemel in die helder strate, wag 'n paar geldwolwe vir die grys oes. Die sekshonger kopers en verkopers van renosterpoeier wag ook, wag vir dié doepa uit Suid-Afrika.

Skadu Horn kam die vallei in die bleek wolkweerkaatsing. Hy is ingegruis in die grys nag: grys kamoefleerdrag, modderbesmeerde geweerloop, swart belaklawa oor sy nek en ore. Die nag koester sy afwesige teenwoordigheid. Langs die knoetse van  die stam van 'n reuse hardekool, halfbedek deur 'n mopaniebos, is niks van hom sigbaar nie. Ook nie sy kneukels wit onder die kleiverskansings, om die grys geweerkolf nie. Hy is self mopanie en wilde anys, blare en kruie gebreek en gevryf oor sy baadjie. Nie die geweer of die bosse roer nie. Sy asemhaling is beheersd, so aan en wan verlaat 'n lang sug sy lippe.

Sy keuse was nog altyd onopvallendheid. Hy het uitgeblink, maar kon altyd dit in stilte verskans, die blare en kruie van die sosiale verband so laat oorheers, sodat - alhoewel hy teenwoordig is, hy skaars is - maar nie afwesig nie. So was hy in die vroeë seisoen van sy lewe in die skadu skolier, in die skudu student, in die skadu vee-arts.

Vanaand is hy beslis nie opvallend nie.  Hulle is op pad. Hy wag vir hulle. Daar is nie veldwagters en hulpverleners hier ontplooi nie. Dis die renosterma, haar kalf, die kort bondeltjie haarvergroeisels sonder enige mediese betekenis op die koei se neus, dis die maan se fel weerkaatsing van die onsigbare son oor die grys terrein. En in die skadu: hy.

Renosterstroping is nie seisoenaal nie. Dis 'n seisoen sonder einde. Die eerste karkasse is gedurende 2010 in die Kruger Nasionale Park opgetel. Daardie jaar 146 renosterkarkasse. Dit het vining gegroei na 827 in 2014. Toe het het ander planne nodig geword. Dis toegepas. So suksesvol dat in 2022 die getal karkasse skaars 120 was. Steeds een karkas elke drie dae. Die manier hoe die diere sterf is afgryslik. Stukkend gekap en geskend vrek hulle oor ure. Baie stropers is sedertdien ook dood, want konfrontasie in die veld beteken die dood vir stropers as hulle leë hande terugkeer by die sindikaatleiers. Paramilitêre opleiding vir die veldwagters was nie genoeg nie. Sedert 2023 het die veldwagters die renosters onthoring.  Stompies pryk op die neuse van die grys kolosse. Volmaan dra dié stempel.

Grey College het gekapitaliseer op sy selfbeheersing. *Nie 'n olifant in die hof nie, nee – T.Rex in die klas, saal, op die veld, op die baan, potsielike monster met die skalpel soos 'n potloodjie in sy hand.* Dis op Universiteit wat sy supersluiper-introvertsme met die bynaam Skadu bekroon is. Hoe kon so kolos ongesiens bly? Hoe bly iemand grade inpalm, almal wat in nood is koester, veral die stil onopvallendes, maar as mens hom soek, is hy agter in die lokaal, het hy behendig iemand waarop die lig minder val, vorentoe geskuif en stil netjies agter die nuwe held gestaan.   Kragoptel SA klere. Internasionale langafstandskut. Op spogfoto's is hy die stil kolos met groot hande op die tweede en derde plek se skouers, en sy glimlag is sag. Hulle word meer belig as hy. Na Universiteit en veral nadat Quieta en hy velletjies saamgegooi het, het dié noemnaam verstil. Sy wou weet waarom hy altyd tweede plek inneem, erkenning weier. Sy antwoord was dat deur net te wees, hy reeds

oormatig opvallend was. Dis al erg genoeg. Sy kon hom nie Skadu noem nie. Hy was haar sonskyn en lig. Al het hy ook haar laat uitstaan, op sy unieke wyse.

Quieta was ewe eens iemand van min woorde, maar haar teenwoordigheid was onmisbaar. Sy was die blom in die blompot, die vreugde in enige geselskap, almal se brose gunsteling. Sy is nie net ‘n prentemaker nie, sy is self die skildery wat nie net kunswaardeerders weer en weer en weer laat kyk het nie. Daar is meer ontdek in elke weer kyk. Haar immervreugde, kleur en sprankel het hom omklee en beskud. Sy was saggies reeds voor hom, die horing op die renoster se neus, die fokale nodus vir die publieke oog. Kinderlik naiëf. Onskuldig beeldskoon. Haar paradoksale broosheid teenoor haar Italiaanse afkoms verklaar die raaisel. Haar donker lang hare, donker oë en donker wenkbroue teenoor die melkwit gelaatskleur, haar mooi vel wat nie grimmering verdra nie en beslis nie vra nie, haar lang dun arms en bene, klavierspeelhande en beeldhouersenkels en -voete, haar diepe onskuld as mens haar ken - teenoor haar vreemde kleredragkeuses wat so gewaagd lyk vir die oningeligte – uitspattig wat sy allesbehalwe is. Haar klipharde stiltes, haar vlammende entoesiasme, haar onstopbare lag as humor haar boei, haar liefde vir die weerlose, haar skilderye, etse, kleiwerke, haar afhanklike grensloosheid het om die perfekte geleentheid gebied om lewenslank skaduwee te word. Sy, en die klop van ‘n dierehart op sy steteskoop, hulle gemene liefde vir honde, het hulle saamvloei voltooi.

Dit is vanaand anders. In die waai van sy hand, in plaas van sy stetoskoop, lê die koue modderbedekte loop van ‘n onwettige jaggeweer. Die handgemaakte knaldemper muilband nie die natuur nie: dit demp nie die laggende hiënas of die vernietigende boombreek-onverbiddelikheid van die trop olifante wat laatskemer hier verby is nie. Hy was hier voor die sonbesies verstil het, voor die eerste aasvoëls reeds kom plek soek het by die belowende oes. Niemand weet hy is hier nie. Nie eers Quieta nie. Dit verdoof nie die sterwende renosterma se roggel nie. Dit verbloem nie hoe weemoedig die jong kalf kla en rondomtalie al in die rondte om die ma kringe hardloop nie. Dit verloën beslis Skadu se instink om te genees. Hy ruil die verraad vir ‘n noodsaaklike ontmoeting. Die ma se half-afgekapte horingstomp lyk soos ‘n kondensmelkblikdeksel wat driekwart afgetrek is. Daar is baie bloed al gestort. Die mengsel modder-bloed ruik soos die dood self. Die donker modder op Skadu se hande en vingers en onder die kopmus oor sy wange droog uit. Wanneer hy oogknip, brokkel klein kleibrokkies af. Dit rol geluidloos oor sy wange.

Hulle sal kom. Die sindikaatleier se lokale skakel. Die veldwagter wat skurk geword het. ‘n Ou hond nou al; geharde misdadiger. Dalk kom van sy gekoopte lojalitiste saam. Miskien nog ‘n vreesslaaf uit Numbi, nog ‘n Galeboa. Skadu weet nie teenoor wie hy die grootste wrewel koester nie: hulle, die patetiese Suid-Afrikaanse vervolgingsgesag, die power polisie wat nie deel is van die spesiale taakspan wat die renostertropers vervolg nie, die stadige draai van geregtigheid, korrupsie wat elke denkbare stelsel kontamineer nie. Sy gestrekte liggaam testeskoop die trillings van die aarde, sensitief vir sagte voetval. Hy luister tasbaar vir die sleep van voete. Onder sy eie skoene het hy hoewe monteer. Hy ontmoet die stropers op hulle eie terrein, met hulle eie meganismes. Vanaand ontmoet hoewe hoewe, horings horings en onwettige wapens onwettige wapentuig. Dis oorlog.

Ander frustrasies dra hiertoe by. Die onbekende oomblikke wat winter in hulle huis gebring het. Quieta se sprankel wat vir lank verdwyn het. Haar spontaniteit wat skaamte geword het. Die kleure verf en kwasterye vol van haar unieke breekfyn indrukke op haar palette, het eers stilgrynend gegil, toe ‘n geruime tyd braak gebly. Waar sy uitgesien het na enige ontmoeting met mense, veral mede-

kunstenaars, het sy soos 'n itermago opgeskulp. Sy het die opgekrulde duisendpoot geword, gehiberneer. Sy is vir te lank al die renosterma met die oopgekapte knieë, en die oopgekapte neus.

Daar is ook die ander slagoffers, soos sy.

Moes hulle nooit getrek het Mbombela toe nie? Die vryheid van Vryburg, die plat horisonne sonder uitstulpels, die goudkleed saans oor die aardbal, was ryk aan inhoud. Daar was minder mense, groter afstande, kleiner tussenruimtes. Kunstenaars was min. Benewens draaihorings van koedoes, die mak seekoei, die strome ganse en eende en kalkoene en poue in die dag, het die Ankola-stoet op hulle Klein Begin groter geword-plasie smorens en smiddags na skemer dinamiese etswerke gelewer. Soos die daglig dompel en verskyn, het hierdie stoet se magtige waaierhorings die stilte geraam.

Die huis op die plaas wat hulle gehuur het, was die produk van jare na mekaar aanhou bou, 'n gesin wat aanhou uitbrei het en die uiteindelike uitkoms was 'n vierkant met 'n reuse binnehof oop ruimte. Quieta het daardie stilte omgeskakel in tuisgemaakte verf op gesiggiester seekastaiing-skulpe, in houtskool aksente op spesiale tuisgemaakte mis-papier, in behendige miniatuur-draaibank en skalpelkerfwerk op van die Ankola horings wat van tyd tot tyd beskikbaar geraak het. Hulle handvol vriende het haar sagsinnigheid gekoester. Haar werke, heelwat naakstudies, beelde wat haar eie liggaam, en syne, gedra het - by die ontsentenis van ander modelle, is gelate aanvaar hier. Voordat dit verskeep is, was dit net maar in die geraamde werksruimte. Sy het dikwels reg deur die aande gewerk, in die sagte lig van die maan.

Hulle was welkom, ongeag hulle skaars wees en anders wees.

Die internasionale mark het haar ruim beloon. Dit het sonder die blaas van enige rampshoring spontaan ontwikkel. Sy was broos en beroemd, populêr maar beskut, bekend maar onbekend. As daar ooit negatiewe kritiek teen haar werk was, hulle was nie daaraan blootgestel of daarmee bekend nie. As daar was, het dit vinnig in die doofpot van hulle plaaslike kameradie beland. Sy en hy was gerespekteerde eenkant, anderste mense, in die wêreld waar daar ooms en tannie is en selfs nog nig en neefs.

Meer as 'n sms, toe bbm, later 'n WhatsApp, was nooit nodig om hom te kommandeer na sy liefde nie. Hy gedy in die heelmaak van wonde, in sy raaklees van pyn, die verligting in diere se oë. Dit was genoeg. Dit, en Quieta se geluk. As sy jongmens wees lente was, was hierdie periode in sy lewe somer. Hy wou nie trek nie.

Quieta verstaan taallose kommunikasie – die pyn so skreeuende in die diere se oë: soos vuurspuwende lawa; daarteenoor die verligting en oorgawe aan die hulpverlening as Skadu se skadu daar is, die dankbaarheid as die pyn weg is. Taal kan dit nie gestand doen nie.

Buite Nelspruit, naby Numbi, het hulle beskutting gekraak. Skynbare egtheid het hulle integritiet geskend. Hier moes hulle leer, in die mees vrugbaarste provinsie in die land, die altyd somer-seisoenwêreld, om nie te glo wat jy sien nie, dat liefde velvlak kan wees, dat dit moontlik is om betekenis te heg aan iets betekenisloos.

Skadu het Quieta ontmoet, terwyl die veeartsgroep prakties gedoen het op 'n plasie naby Hartebeestpoortdam. Dis buite sig van die dam, aan die wegkant van die kabelkarretjie. Dit was vir hulle 'n insekte-studie. Vir haar dit 'n kuier by blomme met vlerke. Toevallig het Kunswaardering en Veearteseny dieselfde plasie besoek. Haar helder lag het hom gelok. Onderweg na haar, koestend

onder take deur, het sy langs 'n digte bos gekniel. Sy het versigtig 'n klein bleekgroen hottentotsgod uit 'n wolkwit spinnerak gered. Quieta was halflyf in 'n spruit, want dis al hoe sy die redding kon verseker. Haar donker hare, wenkbroue, sagte vel, bleek vel kon nie misgekyk word nie. Haar onskuld was oorweldigend. Haar somersrokkie was lig, het vasgeleef van haar diafragma af, oor haar liggaam gedrapeer. Sy het soos 'n engel gelyk. Onskuld, naïewiteit en vrolikheid het op hom beslag gelê. Sy waardering van haar, daar, en daarna, van die hele sy, sonder 'n greintjie erotiese inhoud, het haar oortuig hy is haar maat. Hy sou haar die res van sy lewe teen stropers beskerm.

Minder as vier jaar daarna is sy bekroon vir haar fotografie in Sandton, haar etse in Mosselbaai en Kaappunt, haar olie en collages in Bloemfontein, Kanada en Taxas. Aanvanklik het Skadu se inkomste haar veilig daarheen laat reis, selfs voor hulle troue in die sandsteen katedraaltjie in die Drakensberge, maar mettertyd het haar eie vermoë dit verseker. Sy het nie sy sagte volgbeskutting prysgegee nie. Sy ook geniet sukses, maar nie aandag nie. Haar verlange is dat haar werke lewe, maar bestaan sonder verbintenis aan haar naam, sodat bekendheid nooit kwaliteit sal impliseer nie. Sy is besing vir sensitiwiteit in beeld.

Dit was seker maar onvermydelik: die liefhebbers van renosters het haar talent raakgesien, haar opgespoor en haar  talent gejag. Hulle hunkering was dat sy die majestieuse stilte van hierdie kolosse kon verpak in breeksagte indrukke, en dit deur nie-winsgewende organisasies verhandel kon word vir befondsing van die renosterbeskermingsideaal.

Haar beskeie oorstelptenis hieroor, uitbundige gelatenheid en nederigheid het verklap dit was vir haar meer werd as enige vermelding in die internasionale grafiese wêreld. Dit het sy weersinnigheid afgebreek. Hoedspruit was hulle eerste keuse, omdat dit bekend is as die plekkie waar ikone ongestoord kan beweeg. Haar nederigheid het teen die ikoniese idioom gesteier. Hoewel hy altyd werk sal hê, ook in Hoedspruit, lewer die Laeveld meer werksgeleentheid aan hom. Hulle moes 'n tuiste kry naby genoeg aan en ver genoeg van mense, sodat hulle sonder sukkel privaat en alleen kon te wees, beskut teen tydstropers. Hulle het  eindelaas 'n kleinhoewe buite Witrivier bekom. Die huis was 'n omskepte stoor met kolossale vertrekke, ideaal vir doeke en beelde. Dit kruip weg teen 'n berghang. Dit is klipgooi ver van 'n immervloeiende waterstroom, met selfs 'n privaat watervalletjie. Die ongemaklikste pad in die wêreld neem mens daarheen. Hulle het reeds elkeen 'n 4x4 voertuig besit. Sy het net een versoek gehad, dat Skadu die middelste segment van die groteske dak met deursigtige sinkplate vervang, sodat hulle in die aand die hemel sou sien en sy in die maanlig sou kon baai, en werk, soos die maan en haar kunstenaarsinspirasies leeg raak en weer vol raak. Soos in die Noordwestelike arena van hulle aanmekaargelapte huis.

Hulle het getrek.

Sy het die plot Feitlik Onmoontlik gedoop. By die teerpad het hulle 'n bord gehang: Geen toegang. Privaatpad. Feitlik Onmoontlik.

Alles was vir hulle moontlik op Feitlik Onmoontlik.

Hulle gedy in die stilte van die maan.

Hulle het hulle Ankola's verkoop aan die Cyril Ramaphosa. Vir harde kontant. Hulle het geween. En getrek.



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

**gestroop**

Quieta kon haar volwasse kinderlikheid in die skeur van die kloof  geniet. Soos die renosters in die Kruger Nasionale Park kon hulle groot wees, maar stil. Vir jare aaneen. Sy het na hulle eerste besoek met die veldwagters aan 'n trop renosters, na die bevredigende stap in die Biyamiti rivier, teen Skadu se skouer gelê, in sy oor fluister: "Ek is in twee skaduwees hier. Joune. En die Skepper s'n."

Onder die kamoefleerbaadjie, op Skadu se rug, is 'n watersak gegespe. 'n Pypie daaruit hang slap naby sy ken. Skadu suig uit die strooitjie langs sy mondhoek. Net 'n mondjie vol. Dis al langer as agt ure. Hy sal nie aan die slaap raak nie, wil nie dehidreer nie, wil gereed wees.

Hy haat die bliksems.

Minder as ses en dertig maande later het die lewe altwee skaduwees versteur. Het hy soos die Indiane sy skaduwee verloor? Hy, die T.Rex in die veld?

Om in renosterteenwoordigheid te wees,  is om met 'n tydwerptuig teruggeslinger te word 50 miljoen jaar gelede. Dis toe dié spesie uit die tapirfamilie ontwikkel het. Hulle stille teenwoordigheid intimideer. So groot, maar mens sien hulle skaars raak. So klein deeltjie van die paleantologiese naelstring. So onbelangrik so wesenlik.  Quieta en Skadu het renoster-sagsinnigheid leer ken. Hoe langer, hoe meer te voet, in die Park. Meer as een keer in 'n boom, want mens kan nie kanse neem met 'n swartrenoster nie. By Care for Wild het van die weeskalwers ook hom en Quieta as hulle surrogaatmoeders aanvaar. Die kolosse verteenwoordig alles van Skadu se stilte en alles van Quieta se broosheid.

'n Hoop rampe het hulle getref. Skadu se pa is oorlede. Quieta het die doodsengel in die verbygang gegroet, toe 'n seldsame siekte wat nog net vyf pasiënte in Suid-Afrika onder lede gehad het, haar ten lot geval het. Dit is nie aansteeklik nie, maar die behandeling het behels dat op 'n amper maandelikse basis sy feitlik al haar bloed vir vars skenkersbloed ruil. Drie en twintig maande later het hulle mediese fonds uitgedroog. Haar spaargeld en syne is deur die mediese noodsaak gestroop. Vir die periode van die siekte kon Qieta skaars 'n kwas optel, wat wou nog klei moduleer of papier maak. Drie kort treetjies was vir haar 'n halfmaraton. Sy sou koffie maak, en dan amper vier ure moes slaap. Die gawe onmoontlike pad van die huis teerpad toe en terug, het die woorde "feitlik onmoontlik" gestand gedoen. Vol geloof sy sou herstel, het hy eers alles wat syne was en nie hare nie, en luuks was, verkoop. Hy kon nie hulle mak varkie, die hangmatte langs die spruit, die klavier verkoop nie. Hy moes verder van hulle huis af, vir lang periodes, gaan werk. Die huiswerkster het gevra of sy net vir kos kan werk, sy het haar soldy prysgegee. Tot hulle geldsake weer eendag herstel, sou sy hulle skaduwee wees. Hulle het gehuil. Met die klein potsierlike mensie onder haar kollosale kopdoek, tussen hulle, het hulle 'n groepsdruk gemaak, en volhard. Quieta se verswakte vermoëns, nat oë as hy ry en nie wanneer sy daarna verlang terugkom oor die onmoontlike padoppervlakte nie, het nie haar glans gedemp nie. Ook nie sy stilte en geduld nie. Nie toe hulle van rogbrood afgewentel het witbrood toe nie, van Nescafe na Ricoffee nie, nie van verskeidenheid konfyte na grondbontjiebotter en van grondboontji botter op brood na net grondboontjiebotter nie.

Hulle het nie die varkie verorber nie, ook nie verkoop nie, maar gegee vir mense wat daarvoor sou sorg.

Skadu het al dikwels gesien hoe die dood in sy immer stom pasiënte se oë kom kuier, dan die pas makeer of omdraai. Kalwers se oë. Kleinwild. Nagapies. Renosters. Renosters. Renosters. Quieta het sy geloof en haar eie moed in die spieëls van sy oë gesien. Die rivierlose Noord-Wes waarvandaan

hulle gekom het, was van reën afhanklik en op die reënMeester aangewese. Hierdie situasie wat hulle hier in Mbombela beleef het, haar stilste stilte – was hulle oortuig, sou verbygaan, en die renosterhoring sou weer teruggroei.  Hulle was al geoefen om te vertrou. Hulle was oortuig dat volharding wonderwerke oplewer, dat alles moontlik is wat feitlik onmoontlik lyk.

Sy het geleidelik haar krag herwin.

Toe sy uiteindelik verder as tien treë kon loop, sonder om neer te syg, het die hoop nie beskaam nie. Geld het beskaam. Hy moes haar 4x4 verkoop. Hy het. Sleg gevoel daaroor, dankbaar vir die geld. Behalwe die kombuistafel en matras waarop hulle slaap, was al die meubels in die huis beslis nie belangriker as haar lewe nie. Die klavier ook nie. Hulle skuld was groter as sy kolos-wees, die pad daaruit erger as die pad huis toe, hulle ongemak stiller as 'n renosterkarkas. Toe daar feitlik niks oor was buiten haar troetelskilderye en beeldhou-werke nie, het sy geglimlag. "Ek sal weer skilder… Ons verkoop alles."

Vir die eerste en laaste keer het hulle die Laeveld na hulle eie Feitlik Onmoontlik Park, hulle omsoomde ander mense-gesproke onherbergsame skuilplek, genooi. Die uitstalling was binne die huis, op witgeverfde dennehout-esels op die gemanikuurde bosperk, het gehang oor die bruggie oor die rivier, groter oliewerke wat goed vernis was was hier en daar langs die pad. Haar beelde wat verwerkings was van die trojaanse perd, trojaanse swartrenosters, witrenosters, olifante en miervreters was grotesk. Heelwat van die naakbeelde van 'n vrou wat uit die grond groei soos 'n struik, was onteenseglik herkenbaar haar eie liggaam. En syne. Al hierdie driedimensionele vertolkings was vol gate regdeur die romp en bene of kop, Quieta se eie metafoor om uitdrukking te gee aan die gebrokenheid van die werklikheid. Dit was geweldige stil blootstellings van hulle groot kleinheid.

Hierdie werke, so anders as in die droë Ankola-wêreld, het hier in die groen waterryke wêreld nie net gunstige nie maar ook nydige interpretasies ontlok.

Dis so klein dingetjie, naaktheid. Dis so getrou aan kuns soos vorm en dimensie. Dis so kosbaar, steeds, en kan baie of niks beteken nie. Behalwe as vir verkeerde redes ge-oes word.

Soos renosterhorings.

Dit maak dalk niks saak vir die tussengangers, die hanteerders, nie. Dit het verrykende waarde vir kunsversamelaars. Dit het vermaaklike betekenis vir vals waardeerders, wat dit so anders betrag as waarvoor dit bestem is. Maar dit maak saak vir die een aan wie hierdie skynbare onbenulligheid behoort. En ironies genoeg word dit dan vir nòg meer geld verkoop, as smaad dit ewe beklee.

Hy het Quieta vasgehou, die aand, toe die laaste stof in die skemer gaan lê het. Hulle nes was leeg. Die werf was kaal. Die pad stil. Sy was tot die dood toe uitgeput, en dit was nie die siekte nie. Om nie gestroop te voel as stukke van jouself die perseel verlaat nie, is Feitlik Onmoontlik. Nadat sy gehuil het oor die varkie wat sy mis en later gehuil het oor haar dankbaarheid vir die relatiewe opbrengs van die verkope, was daar 'n nuwe ouderdom in haar gesig. Dis nie veroorsaak deur die verlies aan bloed en herwinning nie. Waar haar weggee van kuns die weggee van haarself is, die meedeel van haar belewenis is, met gelykmatige kunswaardeerders, het sy (en hy) die heelwat onbehoorlike skamper opmerkinge oor hulle rompe en haar verwerking daarvan, nie vrygespring nie. Dit het haar

dubbel gestroop. Wat haar nooit voorheen gepla het nie, het in haar siel ingekap, haar neus verwyder, haar siel ontbloot.

Skadu sou kon sê dat hulle hulle nooit gesteur het aan kunsonnosel emosioneel-dom kritiek nie, aan geprojekteerde swak selfwaarde in kwetsende opmerkings nie. Dit was op die punt van sy tong. Hy het sy onderlip gebyt. Dit sou die aand niks help nie.

Ook nie na die aand nie.

Om dit om te keer was Feitlik Onmoontlik. Die stropers het hulle merk gemaak, en al as dit net maar ‘n klein aspek van haar, is sy geskend. Hy kon nie die skade wegneem nie. Hy kon nie die sleg voorsien het en voorkom het nie. Dis bitter moeilik om integriteitinbrekers vooraf identifiseer. Hy kon haar net vashou.

Die plaaslike stopery het vrugte gedra: Positief: geldelike verligting. Hulle skuld is betaal tot die mate wat skuldvermindering oorlewing moontlik gemaak het. Negatief: Die huis was kaal, die stilte dawerend, haar lus om mooi te wees en mooi te maak vir baie lank tot in die oorsprong daarvan in haar binneste verwoes. Soggens sou sy ‘n sjaron oor haar kop gooi. Baie kere smiddags as hy tuiskom, was sy by die rivier, haar kyk sonder sien oor die kabbelande stroom. Baie stadig het haar egokrag teruggegroei. Nie sonder die knoets teen die mooi stam nie.

Dit was donker tye, sonder sonskyn in hulle ontmoetinge, sonder die volmaan wat geskyn het oor haar brose verwoeste gemoed. Dit was donkermaan.

Hulle het gereken dis die winter van die seisoene in hulle lewe, maar dit was herfs. Daar was wel beslis immergroen oomblikke in die verkilde omstandighede. Hulle het humor hulle beste vriend gemaak. Gunste waaronder karmanaaitjies vanaf die bure, het hulle begunstig. Die gawe varkieversorgers het eendag onverwags die pienk dingetjie teruggebring. Hy was onstuitbaar opgewonde om hulle weer te sien, al was hy ‘n opgeblaasde ballon, soos die paddas wat Shrek vir Fiona opgeblaas het. Hy was soos hulle: so dieselfde en so anders. Hierdie kosbare oomblikke het Quieta inspireer tot ‘n metafoor van olie en ander media op ‘n misgeparste doek van vier vierkante meter. Haar 4-kant.

Die herlewing het meer as twee maande in beslag geneem. Sy het die ambisieuse werk ontwikkel met middele wat hulle kon bekom, teen die tempo wat sy inkomste toelaat en die mediese skuld dit nie inperk nie. Hy het gegee wat hy kon. Stadig het hulle oor die drif van hulle lewenskostes meer as net eetgoed kon aanskaf. Dit het stadig genesing gebring. Die doek was in die leë sitkamer sonder meubels en ander taferele. Sy het baie keer net maar gewerk met lig van die volmaan wat deur die deursigtige dak gepriem het. Sy het ‘n swart renostermoeder en kalf uit die doek gehaal. Die materiaal was propvol keuse-ontneemde en keusevolle outentisiteit: geparsde vlindervlerke, eie verfpigmente, ou karolie, skuurwerk met klip wat merke laat, bloed gemeng met vernis, ‘n mengsel van olie, water en akriel. Dis was ‘n collage uit al die oorblyfsels van haar kunsmiddele en gespaarde kosbaarhede, en wat hy en sy kon bymekaar krap na hulle deurwinterde ellende. Sy was nie altyd bewus hy hou haar skelm dop nie. Hy weet hoe sy skelm die leë verfbuisies gemelk het tot daar iets uitkelk uit die weduwee se kruik. Sy hart het gehuil as geparsde sade en natuurlike ink haar self inkleur en haarself verklap. Die uitgiet van haar siel het nie net wonde geseël nie, maar ook oopgekrap. Die nagte het gebloei in hulle wegkruipplek. Ook in sy hart. Feitlik Onmoontlik is nie altyd feitlik onmoontlik nie, moed dring deur enige skans.



JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024

Sy het stil-stil dit waardeer wanneer hy iets bring of koop wat die proses vergemaklik. Sy het geweet, altyd, hy is daar, al was hy in die skadu. Sonder uitsondering is meeste middele baie moeilik bekom.

Omdat nie al die kunskopers stropers was nie, almal skierlik so terdee bewus van hulle situasie, het 'n span hartlike donateurs gelde aan Quieta bewillig. Hierdie kunsliefhebbers het gereël dat dié fonds deur 'n plaaslike prokureur gekoördineer word. Hy was uiteindelik die koper van twee van haar werke – twee van haar beelde. Die een van 'n vrou (Quieta, wie anders?) wat soos die denker sittend is, maar sonder fronse, 'n oop vrye gesig wat die lewe waardeer. In klei, bruin en nie wit nie. Daar is gate lings na regs regdeur die beeld, maar die bolyf, van die elmboë na die polse en gesig is ongeskonde. Klei, ragfyn en nie grof nie - en so broos, asof net daarna kyk dit mag verbrokkel. Die beeld is lewensgrote, haar mates. Dit was omtremt 'n petalje om dit op die bakkie te kry wat dit kom haal het. Die ander beeld is 'n eie interpretasie van die beeld wat twee persone in twee rigtings in een liggaam vasvang. Hy (van die heup af boontoe) wat waak hou, paraat gereed is om te veg, kyk na bo. Hy het die onderlyf van 'n perd. Bietjie meer van 'n sespakkie, iewat groter biseps en spiere wat bult in sy nek. Uit sy rug na onder, is die ander persoon, Quieta dan, wat uit hom emaneer, vooroor geneig soos iemand wat wil water skep met haar hande, haar lang vingers en palms gekelk om dit na haar mond te bring. Haar onderlyf is die van 'n bok. Die aanmekaarversmelte diere-onderlywe in teenoorgestelde rigtings is deurboor met 'n magdom gate. Die bolywe, soos die beeld na bo ontwikkel, word al meer ongeskonde en is perfek gemoduleer. 'n Klein trokkie het die beeld kom haal, kort na die eerste weg is.

Die beelde pronk sedertdien in die gebouekompleks waar die prokureur se kantoor is. Die dubbelkantige reuse halfmens-halfdiere pryk in ruim ingangsportaal van die gebou, wat verskillende professies deel. Die beeld van haar, soos die denker, maar allesbehalwe denker, is keurig en oordeelkundig in die prokureurspraktyk se ruim raadsaal gemonteer. Beide word spesiaal belig.

Na die opmerkings deur van die onvolwasse besoekers aan hulle plot, tydens die verkoopeskipade, vertoon die beeld indrukwekkend, maar hy en Quieta word uitgestal asof hulle self gestroop word.

Die kwetsende opmerkings van sommige van die noodwendig genooide gaste na hulle stil tuiste, het tot gevolg gehad dat hulle die stad vermy het. Met net een voertuig in ieder geval, koop Skadu alles wat hulle benodig om te eet en lewe , min of baie soos die inkomsteseisoene dit vergun, by dieselfde supermark, elke dag. Hy arriveer eers as die verkeer so dun word soos die spruit tuis in die winter. Die pad vanaf die snelweg na hulle eie woning het gaandeweg meer onbegaanbaar geword vir ander mense sonder 4x4 voertuie. Hy kon nie die skaper bekostig nie. Hy het by die ingang uit boomstompe 'n unieke valhek geïnstalleer. Hy maak seker hulle integriteit bly ongeskonde. Sy waardeer stilte. Sy ontvang hom gretig en opgewonde. Dit lewer ook lewe aan ander diere: die mak nagapie, die uile, die reuse trop gebande muishonde wat papkrummels kom oes, die kabbelende spruit, die nuwe prentjies wat skaduwees teken teen die krans as die son sak en weer kom kuier.

Hulle eie wilde tuin.

Hulle inkomste het sonder nog verkope ver te kort geskiet. Die situasie was benard. Ter wille van tydige middele, het Quieta die skaamte verbreek, die ontbloting van minder wees, trotseer. Sy het die prokureur besoek toe die 4-kant halfpad voltooi was en daar geen ander uitkoms was om dit tydig goed te voltooi, anders as om van die geskenkte gelde te benut nie. Sy was haar maerste self. Hy het self van Batman na The Machinest gekrimp.

Skadu kners op sy tande. Hy sug lank en diep. Dit klink of die koei gaan vrek voor die booswigte hier sal opdaag om die stroopwerk te kom voltooi. Moes hy nie maar die koei iedergeval doodgemaak het nie? 'n Sterk verdowing sou die dood versnel het maar die lyding versag het. Hy het sonder medikasie met die gesteelde wapen gekom. Te laat om daarvoor terug te draai die toestand ontleed. Hy is getuie van 'n uitmergelende ellende. Lewe of dood van die koei sal die stropers min skeel en nie stuit nie. Die babarenoster sit doodstil met sy boude teen die lêende liggaam.

Quieta het 'n stil gelofte gemaak. Sy het haar onderneming met hom gedeel. Anders as tot dusver, waar sy betaal is vir haar werke en dit vir aansienlik meer vervreem is, sal sy nie eers uitgawes verlang nie. Sy sal die werk teen die beste markwaarde vervreem, en vyftig present van die opbrengs van al haar werke skenk aan renosterbewaring - aan spesifieke organisasies wat hulp verleen of die veldwagters self, vir tegnologie om die voortydige raaksien van die belhamels te bevorder. Sy glo die offerande sal vrug dra, en so onderneming sal vir hulle seën bring. Dit mag verkope stimuleer. Skadu het aanbeveel sy streef na so ideaal, eers as hulle heeltemaal skuldloos geraak het. Quieta het verskil. Sy het haar standpunt verdedig: hulle kry by die prokureur geld vanaf mense wat nie eers 'n skildery koop nie, maar help. Hulle gaan deur 'n bitter koue seisoen in hulle lewens. Maar die gebaar van omgee-mense is die beste voorbeeld dat seisoene kan oorvleuel, dat somer 'n kombers kan vou om die koudste winter, dat seisoene nie net iets ekstern en onomkeerbaar is nie, maar dat iets warms ontwikkel kan word. Hulle kan die kombers vir die renosters wees, in hierdie nimmereindigende winters wat stropers skep. Haar voorstel beteken hulle gee hulle aan ander wat tekort het, die stroperbekampers in die wildtuin, eintlik aan die renosters self - soortgelyk as die knus hitte wat skenkers nou om hulle twee vou. Sonder om te verwag dit keer terug. As almal dit kan doen, maak dit die stukkende wêreld heel. Dit bring somer.

Hy het haar verwagting omhels. Die sprankel in haar oë na maande leegheid, het in die maanlig geblink. Hulle het hand aan hand van die takbruggie oor die kabbelende spruit teruggeloop huis toe.

Die onbekende bedrag geld in die prokureur se trustrekening sou baie help. Die klompie note en munte wat hy geoes het met sy ver ryery en saam-met-haar-wees-tyd-skending, kon dalk dan vir hulle weer 'n bed beteken, dalk 'n bank, meer as een handdoek, meer as een stel beddegoed. Sy is daarmee vort na Nelspruit. Sy het die prokureur besoek. Skadu het haar nie vergesel nie. Sy het teruggekeer van die stad af met rys en aartappels ook, nie net prysverminderde skenkels nie. Ook 'n kwitansie vir 'n bed en rusbank, wat hy moes gaan haal het met 'n geleende sleepwa, sodat hulle nie meer op die grond op net die matras hoef te slaap nie. Sy het die bed en 'n rusbank van 'n tweedehandse winkel bekom, maar dit was 'n hemelbed - al was dit sonder pilare. Dit was mooi van lelikgeit. Vir die eerste keer na hierdie lang droë seisoen was die naald van die bakkie bo die rooi merkies, dit was net net oor half. Skadu het die goed dieselfde laatmiddag gaan oplaai. Sy het gelag en gesê hoe 'n klomp verf- en kunsmateriaalverskaffers aangedui het sy kon hulle beslis later betaal en daarop aangedring het hulle skenk dit, maar sy het nòg goedgunstigheid geweier. Sy geld en die skenking was saam genoeg om die bed, bank en een en 'n half keer die kunsmiddele te koop wat nodig was om die werk te voltooi.

In die sitkamer op die tafel waar daar altyd 'n rangskikking takke of gerwe rou natuur was, was vir die eerste keer iets leliks wat vir hulle mooi was op daardie oomblik: van die kwitansies van al Quieta se aankope.



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

Sy het die halwe werk voltooi. Die middelste gedeelte van die 4-kant was sulke fyn detail dit is onder ‘n vergrootglas voltooi. Namate die werk van die sentrum af uitwaaier, het dit al hoe meer aards en detail-vry geraak. Nie een vierkante millimeter het nie haar sorgvuldige aandag geniet nie. Soos altyd. Geen ruimte vir foute nie. Meer as genoeg rede vir eie interpretasie, groeiende waardering. Behendige spontane benutting van positiewe en negatiewe ruimtes.

Die Amerikaner het ‘n koerier spesiale tariewe betaal om die Middeleeu-groot werk te kom haal en te verskeep. Quieta kon aan die Kruger Park begunstigers ‘n stewige bedrag betaal. Daar was weer margarien en souse vir geregte in hulle yskas. Hy kon begroot en beplan: deur vir veertig maande ‘n vaste gedeelte van die salaris, so sewentig present van sy inkomste, aan te wend vir die mediese praktisyns, sou hy die laaste mediese rekening kon betaal. Die onsekerheid of hulle brandstof sou kon koop, was baie minder. As hulle een keer meer, maar steeds nie meer as twee keer keer per dag kon eet, sou hulle die skuld binne die amper twee jaar afbetaal. Hulle het eenmalig vier glase wyn uit ‘n 8 jaar Pinotage geskink. Hulle drankoffer. Die inkomstekoue seisoen is gebreek.

Die volgende doek is in die sitkamer gespan. Skadu kon nou op ‘n katgekrapte ou geskifte leerbank, dalk ander se nagmerrie maar hulle droom, skalks vir Quieta glimlag, terwyl sy gewerk het. Sy kon werk, lank na sonsak en sonder dat dit volmaan hoef te wees; Eskom is betaal. Die vark het gesnork en gepoep. Haar lag was vrolik. Daar was goud in die morestond.

Skadu kreun. As dit maar daar kon stop. As hy kon uitvee wat tussen dan en nou gebeur het, hoe graag sou hy nie wou nie.

Renosterhorings het geen medisinale waarde nie. Dis hare wat versteen. Dis deel van renosters se dekorasie, hulle pantser. ‘n Renoster sonder ‘n horing is nie ‘n volledig renoster nie. Is dit nie meer ‘n renoster nie sonder die horing nie? Natuurlik is dit! Maar dis nie dieselfde nie. Die diere word stukkend gekap daarvoor. Hulle word onthoring terwyl hulle nog leef. Soos hierdie toneel voor hom. Hulle word gejag sonder om daarvoor te vra, sonder kliniese regverdiging. Kuddes word verwoes. Kinders verloor ma’s. Die aarde word van haar waardigheid gestroop. Vir wesenlik niks.

Dit is dieselfde met Quieta. Die koper van die 4-kant het haar vanuit Amerika besing, nadat dit in Las Vegas arriveer het. Hy het foto’s gestuur van die ligskyn-werk bo die Sodom en Gomora groen tafels en dansende liggies in sy dobbelhuis. Internasionale kunskritici het die werk en die juktaposisie van die plasing daarvan, geloof. In die Kruger Nasionale Park was die juig onhoorbaar maar ewe eens onstilbaar: met die opbrengstoedeling van haar transaksie kon die veldwagters die tegnologie wat hulle benut, aansuiwer. ‘n Groter area in die stropingsparadys geniet sein en kameradekking. Daarmee word die insypeling van misdadigers oor die Parkgrens vroeër bespeur. Die stroopsyfer sal nooit vernietig word nie, maar dit word beslis gesmoor. Kamera’s en verwante tegnologie bied in die wildtuin dekking, waar mense nie altyd kan wees nie. Na ‘n alarm aanmelding vanaf versteekte tegnologie, kan die veldwagters ingryp, hetsy direk of met honde-aanwending, helikopters of derglike. Quieta se selfopoffering het vrug gedra.

Die prokureur deur wie se bemiddeling die fonds tot haar beskikking gekom het, het haar ‘n week na die Amerikaner se betaling aan haar, na sy kantoor ontbied. Eintlik gebied. Sy het plotseling ingeplof, direk na sy die oproep geneem het. Sy het vir Skadu beduie sy sien nie kans om die man te besoek nie. Hulle het dit daar gelaat. ‘n Week of twee het verbygegaan. Haar streel oor die varkie se magie

het ‘n gekrap geword. Sy het weer gewig verloor. Is dit moontlik? Skadu het gemerk hoe Quieta verstil, nie die stilte waarin sy gedy nie, maar somberheid.

Dit het vererger.

Hy het die regsprakstisyn geskakel om te verneem waarom die afspraak verlang word. “Ek wil nie op die foon met julle hieroor gesels nie.” Sonder om te groet. Hy kon Quieta se inploffing verstaan.

Hulle kon hom nie dadelik besoek nie. Quieta was ontsenu. Haar hele lewe nog het niemand haar so gedaag  nie. Haar broosheid het respek ontlok. Almal het haar hoflik behandel. Fyn porselein hoef nie te vra vir versigtige hantering nie. Hierdie skamper oproep tot besoek was ‘n dubbelhou na die kwetsende onvolwasse opmerkings oor hulle liggame tydens die verkope by hulle huis. Die snedigheid tydens die verkoopdag het wel soos knoetse haar siel gemerk, maar sy het verby dit gegroei. Hier was iets anders. Hy kon nouliks ondersteuning bied, by ontstentenis van inligting. Sy het nog ‘n week of twee later teenoor hom opgemerk sy merk dat die enkele kere wat sy dorp toe is, om voëlsaad of hondekos of bederfpille vir die wild te koop, lede van die publiek wat haar altyd openhartig hanteer het, skierlik gereserveerd voorgekom het, as hulle interaksie het. Sy het nie net op die plot ingekluister geraak nie, maar in haarself. Sy het in haar werk versink.

Skadu sien beweging aan die oorkant van die kloof. Hy maak sy oë ‘n klein rukkie toe, weer oop. Dis ‘n jakkals.

Hy het amper eers drie weke na die gewraakte oproep, saam met haar, die prokureur besoek. In die ingangsportaal was deftige egte leer meublement. Sonder katkrapmerke. Dit was onder die beskerming van sy gefortifiseerde perdelyf en Quieta se ragfyn buiging. Dit was sterk somer, warm en hulle was ook binne verhit. Hy was in die klassieke Laeveld uniform geklee: kakiehemp, kakiebroek, kakiesokkies en leerskoene. Sonbrandbruin. Quieta was iewers in ‘n wit rokjurk wat heeltemaal te groot geword het oor die afgelope tyd. Haar voorarms was skraal soos verfkwaste, haar melkwit skouertjies vol sleutelbene. Haar amper deurskynende vel vlak oor die sagte deining van haar hals het die geskiedenis van ook haar bekommernis vir die ontmoeting verklik.

Die ontvangsdame het terstonds die ooreenkoms tussen hulle en die groteske uitbeelding in die sentrum van die vertrek opgemerk.

Niemand kan ‘n renoster miskyk nie.

Die ruim ontvangslokaal, dubbelvolume, met baie natuurlike lig wat insypel deur vernuftige argitektuur, het getuig van kunswaardering: reuse skilderye deur net bekroonde kunstenaars het die twee mure sonder vensters versier.

Hulle is na die konferensiesaal van die prokureurspraktyk begelei.  Die inrigting van die vertrek was dieselfde, al die mure is houtbeslaan met baie hoë gehalte kunswerk, die inrigting nog luukser: verskansde sekondêre lig, elektronies-meganise outomatiese houtgordynmanipulasies. Die beeld van die skone denker aan sy sy, broos soos klei wat nie deurgebak is nie, was in die oorgrote raadsaal die fokuspunt. Die Quieta-vormgelyke. Die gate daardeur het groter gelyk as ooit, die beeld ragfyn amper deurskynend. Uiters breekbaar.

Sy eerste ontmoeting met Meneer noemnaamloos Van Niekerk. Oud, maar beslis nie koud nie: geen hare op die blink geoliede haarlose pan nie, baie sonvlekke, duur bril met toutjies, en die bril is nooit

voor die oë of op die neuspunt nie, maar soos ‘n kroon op die skedelbuiging. ‘n Potsierlike klossie hare in ‘n styfbebondelde ponie, nie pesies in die middel agter op die knoon van die pan nie. Dis besonder swart en nie die grys wat die ware jakob sou wees nie. Goud in sommige tande. Hy steek dit nie weg nie. Een goue oorbel net in die linkeroor – dié wat die oorgaatjie soom. Die hemp en baadjie en sakdoek in die baadjiesak onverdraagsaam netjies. Duur Harley Davidson-penne in die binnesak van die baadjie. Liggaam soos Nataniël sou beskryf as deeg wat geknoei en gewring is, maar toe is die proses onderbreek en dis nooit voltooi nie. Skerppuntskoene wat ‘n vlooi in ‘n hoek sal vermorsel, maar waarin die man sy eie goue tande sal kan sien, so blinkgepoets is die paar. ‘n Reuse Romeinse neus met groot neusgate. Van Niekerk was ‘n gesig wat vir ewig onvergeetlik sou wees. Sy handdruk was net te hard. Hy was gewoond daaraan om die sentrum van die gesprek wees en te bly. As die regspraktisyn merk hoe sy en Quieta se oë vee deur die gange en vertrek vol kuns, merk hy op: (Skilderye is..) “die vergete belegging, beter as eiendom of kontantprodukte!”

Die prokureur deel nie hulle liefde vir die natuur nie. Wat geraam is, kan hom skaars skeel. Hy is ‘n boekhoukundige spreivel geklee in mensedrag. Hy is krediete en debiete op steroïede. ‘n Meester in die skuins hou van die groeiende grafiektrajek.

Koffie in fyn porselein het reeds gewag op die soliede houttafel, waarom seker twintig mense met gemak sou kon sit. Nog ‘n kunswerk, opsigself. Waar Van Niekerk hom geplant het, was reeds ‘n lêer oop. In die lêer was strokies vasgekram op papier.

Hy en Quieta het dit dadelik herken. Dit was die koopstrokies mbt die uitgawes wat sy aangegaan het, vir betalings wat sy gedoen het met die fonds.

“Dis hoekom ek julle wil sien.” Asof sy ‘n halsmisdaad begaan het. Sy teleskoop-oë het skierlik ook gegly en vasgehaak by Quieta se oop hals. Hy was skaamteloos minder geïnteresseerd in haar vinnige asemhaling as die behoud van vorm en tekstuur van haar ragfyn liggaam, ongeag haar ellende en angs. Hy hou nie net van syfers nie.

Daarna het hy met ‘n doodsekure venynige kyk in haar oë op haar beslag gelê. Hy het haar genadeloos in taal geaaresteer.

“Ek verstaan nie.” Qienta se stem was rokerig, soos die warm wasems bo die kopies. “Ons is baie dankbaar. Ek het die bewyse van al die geld wat ek ontvang het, vir die sekretaresse gegee.”

“Dink jy ons is onnosel, Mevrou?”

Kan sy vroutjie nog bleker word? Na hierdie aantyging, kon Skadu die aartjies in haar wange sien. Haar valk asemhaling het verdiep. Sy het nie begryp wat die prokureur motiveer om haar aan te val nie.

Skadu kon ook nie die kloutjie by die oor kry nie. Sy lang liggaam het oor die tafel gestrek. Hy wou die lêer naderhark. Hy kon nie. Die swaar dik pen het dit vasgepen.

“Ons verstaan glad nie wat jy bedoel nie.”

“Jy het geen benul nie?”

Skadu het sy kop geskud.



JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024

Die prokureur het die papiere voor Skadu geplak. Sy vingers is baie kleiner as dié van die stil reus, maar het grotesk vertoon waar hy dit op elke kwitansie plaas. Hy het op enkele van die diensverskaffers se name gedruk. Een na die ander. Uit die geheel was dit slegs enkele daarvan. Dalk tien uit 'n goeie sestig. Ongeag sy skranderheid het dit Skadu 'n wyle geneem om insig te verkry. Dit was kwitansies van goed wat hulle vir hulle huis gekoop het, die kos en bank en bed.

"Wat het hierdie uitgawes met skilder en beeldhou te doen, het julle water in wyn verander, melk in verf, die houte uit die bed en bank gebruik vir rame? Is julle kranksinnig? Die fondse was net vir materiaal, maar julle het dit gesteel, vir julle self? Het ek nie vir jou uitdruklik gesê die voorwaarde vir die oorbetaling na jou was die fonds is net vir kunsmateriaal nie?"

Skadu kon die som maak. Die regspraktisyn het vir Quieta voorwaardes gegee toe sy hom besoek het. Net kuns daarmee koop. Sy het egter meer geld gehad as net die skenking. Sy geld. Sy het nie die kwitansies gesif en net die kwitansies vir die kunsaankope aan die man beskikbaar gestel nie. Eie koopbewyse was ook deel van die aanbieding. Sy het nie so dogmatiese benadering verwag van hulpverleners nie. Of dan van die prokureur nie.

Skadu kon dadelik reageer. "Daar sal kwitansies wees vir baie meer as die geld wat die skenkers gegee het." Dis tog logies.

Die prokureur het sy kop geskud, en sy laggie was nie warm nie, maar snedig. Hy het Skadu geantwoord, maar met Quieta gepraat. "Toe nié, Mevrou!"

Genade van sy en Quieta se kant af na ander mense, mense sonder name en vanne, skadufigure wat die publiek betref, is altyd sonder kwalifikasies. Hulle was al so lank op goedkoop koffie sonder melk en groente sonder vleis, en op die kaal vloere, sy het straks ook sulke genade ingelees in die gawe na hulle. Hy kon die som weer vinnig maak. Die kwitansies op die tafel, dit wat sy saamgekram en vir die prokureur kom aanbied het, was toe nooit al die kwitansies vir al die kooptransaksies wat sy daardie dag kom doen het nie. Sy het 'n klomp kwitansies nooit geneem nie, want sy het nooit gereken so dogmatiese verdiskontering sou volg nie. En immers, met Skadu se geld by, was daar baie meer geld as wat die skenkers gegee het. Die bed en bank en kos is nie met die skenkers se gelde gekoop nie, dis met Skadu se geld gekoop. Die te min en verkeerde kwitansies in die man se dossier, skilder 'n ander prentjie.

Quieta het na Skadu gekyk. Sy was winter ongeag die warm saal. Soos 'n hond wat kinders met 'n klip gegooi het. Sy kon nie net daar en dan doodgaan nie, sy is summier vermink. Iemand anders, anders as sy, sou dalk gereageer het met ek het opgeslip om al die kwitansies te hou. Ek het nooit gemeen my spandering gaan onder 'n vergrootglas beland nie.

Dit het hulle beide 'n ruk geneem om tot verhaal te kom.

Kon die kantoor nie hulle sommer kort na haar aflewering van die kwitansies laat weet het om net die kwitansies na te gaan nie. Hoe moeilik is dit? Hoeveel makliker sou hulle nie dadelik op die spoor van die verskaffers kon loop en kwitansies of afskrifte aangevra het nie. Hulle is nie geharde misdadigers of diewe nie. Dit was 'n ooglopende onskuldige nalate. Maklik onmiddelik herstelbaar. Moeiliker later.

Die ironie van die onnodigheid van die episode het deur Skadu gesny. "Elkeen van die verskaffers is betaal. Met die gelde waarvoor hier nie eers kwitansies is, het ek self baie materiaal, ekstra verf,

kwaste, gips, terpentyn betaal. Die geld wat julle beskikbaar gestel het, is net vir die kunswerk aangewend. Nie een van die persone waar Quieta haar kunsgoed gekoop het, is nie betaal nie."

"Het ek gesê iemand beweer dat hulle nie betaal is nie?"

Hy het nie.

"Kan ons nie net 'n eedsverklaring maak al die geld is betaal, al is daar nie kwitansies nie?"

Die geleerde het gelag. Nie die saamlag lag nie, maar een wat drup van sarkasme. "Regtig, 'n eedsverklaring?"

Wat maak dit saak dat die papiere nie volledig en korrek is nie, terwyl die materiaalverskaffers beslis betaal is met die skenkersgelde? Dit het soos 'n pyl deur Skadu gebrand.

"Twee probleme. Een: die kwitansies is minder as die bedrag wat ek na jou gemagtig het. Twee: jy het van dit vir ander aankope aangewend."  Hy het haar in arres gehou. Hy het Skadu ignoreer, asof hy nie daar was nie. "Dis bedrog, Mevrou.

"Ek kon al klagtes geê het. Ek het nie.

"Hier is wat jy moet doen, anders gebeur die kriminele vervolging: Suiwer die kwitansies aan. Van die aankope daardie dag, nie na daardie dag nie! Of betaal die bedrag in, elke sent waarvoor daar nie kwitansies is nie en ook vir hierdie gemors wat jy by die pandjieswinkel aangeskaf het."

Dit was 'n bylhou wat oopgekloof het, terwyl sy met oop oë na die bylswaaier gekyk het.

Quieta het gestamel: "Ek het die kwitansies in 'n bak gegooi. Ek het die spul na die tyd saamgekram. Ek het nie gekyk na elkeen nie. Ek het nie gedink om elke papiertjie een vir een na te gaan nie. Van die kwitansies was ook Skadu s'n wat ek na my aankope ook in die bak gegooi het."

"Daar kort 'n paar duisend rand se bewyse. Bring dit. Of die geld."

As Skadu die som doen, sonder 'n sakrekenaar of spreivel, het hy uit sy eie inkomste amper veertig present van die 4-kant betaal. Die bydrae van die prokureurs af het die voltooiwerk voltooi, nie veroorsaak of in die geheel betaal nie. Hy het egter nie kwitansies versamel nie. Of hy of die fonds die kos of die materiaal gekoop het is uiteindelik arbitrêr. Sy bedraes het baie kuns-items méér as die kos en die bed en bank betaal.

"Stel dit reg. Julle het tot Maandag. Bring vir my die regte papiere. Of betaal die geld in waarvoor daar nie regte kwitansies is nie. Anders laat dit my sonder enige keuse. Dan volg kriminele klagtes."

Reeds toe het hulle geweet, hulle gaan nie aan die belaglike vereiste kan voldoen nie. Enige ander papiertjies, van enige aankope, is reeds vernietig. Daar het al maande verloop. Van die goed wat Skadu gekoop het was vanaf die bemanners van padstalletjies en van landelike mense in die veld, waar boekhoukundige verrekening iets vreemd is.

"Gee vir ons 'n afskrif," het Skadu versoek. "Dan rekon ons dit. En antwoord jou. Quieta kan 'n verklaring maak wat als verduidelik."

Die prokureur het gelag. "Julle weet mos met wie julle gekontrakteer het! Ek gee nie vir julle 'n afskrif nie! Dis eenvoudig. Hier is 'n paar duisend rand se kwitansies wat niks met die funksie te doen

het nie. En ‘n paar duisend rand te min. Bring die regtes . Of betaal die bedrag van die verkeerde kwitansies en die tekort waarvoor daar nie kwitansies is nie, in. Die doel van die fonds is nie om julle huishouding te betaal nie. Ek het ‘n verantwoordelikheid teenoor die skenkers, en julle gaan nie met hierdie fonds mors nie.”

Hy het die raadsaal verlaat.

Om nie ‘n dief te wees nie en een genoem te word, ontstem. Qienta se spontaniteit het ingeplof. Daar. Toe. Daarna, deur die seisoene wat gevolg het.

Natuurlik kon die prokureur eenvoudig net die donateurs gevra het of hule die tekort aan bewysmateriaal sou verskoon. Hulle sou beslis. Maar die prokureur sou dit nie doen nie. Hy wou nie.

Quieta het met moeite haar foon geantwoord. Sy het met moeite haar kwas opgetel. Vir baie lank.

Skadu is summier na die verskaffers toe wat hy kon onthou by wie Quieta onthou het sy aankope gedoen het. Hulle het kopskuddend gelag toe hulle hoor wat hy vra, en gesê hy is laf, hulle is betaal. Hulle sal dit in enige hof handhaaf. Van hulle verekeningsprosesse is nie gemaklik beskikbaar nie. Die grootste verskaffer het aangedui hy sal sy hoofkantoor vir heruitdrukke moet versoek en dit graag sal doen. Hy het aangedui dis ‘n ou laai van die prokureur. Niemand het afskrifte gegee nie. Hulle was oortuig dis belaglik. Niks sou daarvan kom nie.

Hy het nie eers probeer om die landelike verskaffers te pla nie.

Skadu het regsadvies ingewin. Hy is verseker daar is geen meriete in bedrogklagtes nie. Daar moet opset wees om te steel. Die misdaadvereiste behels die bedoeling om ander te benadeel en mens self te bevoordeel. Daar moet benadeling wees. Niks hiervan was die geval hier nie. Quieta het sonder enige bedoeling ten slegste nie behoorlik ag geslaan op haar papiersamestelling nie. Geen verskaffer is benadeel nie. Dis radikale aanspraak dat sy en hulle diewe was, was klinkende simbale. Queita sal in geen hof skuldig bevind word nie.

Die prokureur sal nie slaag sou dit in die hof besleg word nie.

Skadu het besef dat litigasie tyd en geld kos, en al sou die waarheid uiteindelik seëvier, verkeerde perspektiewe sal seëvier, tot die litigasie uitgeput is. Dit sal Quieta se kunstenaarsfaam onherroeplike skade veroorsaak. Die skynbare onbenulligheid het desnieteenstaande meriete vir haar duur gevolge. Ongeag.

Om opportunisties ter wille van Quieta se reputasie en nie omdat dit reg is nie, aan die prokureur die bedrag te betaal vir waar foutiewe kwitansies ingedien is, en nog die tekort, die klein bedraggie van amper ses duisend rand, was die duurste transaksie en die mees vernederendste handeling in Skadu se lewe. Hulle leefgeld vir die maande wat stadig draai, tensy Quieta werke vervreem, is met meer as die helfte weer ‘n keer gekrimp. Die wyn het suur geword. Hy het die bloedgeld inbetaal, terwyl hy en Quieta geweet het sy is onskuldig. Hy het betaal met geld wat hy skaars gehad het. Die prokureur meer geld ontvang as wat hy tegnies moes ontvang het.

Die betaling was ter wille van Quieta. Nie ter wille van geregtigheid nie. Nie ten behoewe van die donateurs nie. Net om die hebsugtige prokureur sy sin te gee. Die prokureur se inhaligheid het swaarder geweeg as Quieta se naïewiteit. Skadu het deur die betaling te doen, Quieta toksiese skinder en onnodige laster gespaar, en duur litigasie. Soortgelyk aan hoe renosters hulle sier verloor



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

vir iemand se dors na geld, ten koste van harmonie, is sy gestroop. Hy het vir haar gelieg en gesê die prokureur het gebel en laat weet hulle laat vaar die saak, niemand is kwaad nie. Sy het geweet hy lieg. Hulle het altwee onnodig pakslae verduur.

Quieta se horing is daardie dag afgekap. Mens kan argumenteer dis niks nie. Dis ‘n bondel verharde hare sonder medisinale werking. Dis niks anders as ‘n dooie nael nie. Maar. Die vernedering het meer behaal as die meriete. Die werkswyse was brutaal. Daar was niks liefde nie.

Soos die afkap van die horings van hierdie diere.

Hy het later, heelwat later, na sy betalings, ontdek Sondernaam het haar weer na sy kantoor ontbied. Sy het hom besoek. Sy het dit nie aan Skadu openbaar nie. Haar gedrag het haar verklap. Na die tyd. Die bang wildsbokkie, sy, toe sy tuisgekom het. Ook ander simptome.

Stilte is ook ‘n taal. Skaamte. Vrees. Dis stom, maar dit vertel steeds ‘n verhaal.

Waar die jakkals weggenael het, is daar weer beweging. Skadu se hartklop versnel, dan val dit na minder as vyftig slae per minuut. Dis krag-opteltyd. Dis kalm snellerdruk-tyd.

Dis die stropers. Drie. Hy herken die voorste een. Dis die belhamel wat hy soek.

Stil nou.

Na die vernederende skuldlose skuld-insident, het Quieta al hoe meer met die Afrika-kunstenaars in Numbi geassosieer. Hulle skakeling was spontaan. Die Numbi se plaaslike gemeenskap se gulhartigheid, hulle ongekwalifiseerde aanvaarding van haar, sonder voorbehoud, het haar toegeskulp. Hulle het hulle vermei in haar tegniek, haar metodiek en aanwending van natuurlike produkte soos renostermis. Aanvanklik speelsgewys, het hulle een van die werke wat sy in Numbi by Ukunyenyeza se huis gemaak het, met kraletjies gesnoer. Die motief was ‘n renoster in die maanlig, by ‘n dam. Die komposisie was die toepassing van ‘n verskeidenhied nuanses grys. Hulle het die damsoom en water swart en donker grys gekraal. Met handgemaakte swart pigment het hulle die prent met geweekte verfhande geraam. Die collage van verskillende kultuur en kunstery het dimensioneel gedy. Hulle spontaniëteit het die wêreld beïndruk.

Quieta se lag en vrolikheid het diep in die herfseisoen teruggerol, soos die klein golfies as die wind streel oor die poele in die Park, as briesies saam met die oggendsonnetjie die dag breek. Sy het weer begin babbel. Die inspirasie-wolk het oor Numbi en hulle huis gebreek. Doeke is gespan. Meer as net hulle twee kunstenaars het gereeld saamgekloek. Hulle hartlikheid het die versamelwerke geweef. Dit was gevul met sensitiwiteit. Dit was werke wat fluister, maar nie skree nie. Hulle hartklop het gestalte gekry. Hulle het hulleself *Quiet Whisper* genoem. Hulle geniet ongeewenaarde aanhang. Dié renoster se horing het teruggegroei.

Kunstenaars se ritme resoneer nie met die polsslag van die kommersiële mark nie. Helaas, die stil fluistering voorsien genoeg fondse om hulle ateljees te handhaaf en om toerusting te bekom vir die prosesse in die Kruger Nasionale Park om renosterhoringstroping te beperk. Hulle wy hulle toe aan die ontwikkeling van plaaslike talent. ‘n Nie-afwerkbare waglys bekroon hulle passie.

Hulle sukses het nie Quieta se gestroopte horing volkome herstel nie. Die kapmerke het littetekens geword. Stropinggevolge. Daar is ‘n kwas in hierdie boomstam.



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

**gestroop**

Na haar geheime besoek aan Van Niekerk kon sy vir lank nie met Skadu oogkontak maak nie. In hulle bed, het sy van hom af weggekrul.

Hy weet.

Sy weet.

Sy huil. In stilte. Skadu het in sy stilte vir haar gehuil. Hy het nie net gehuil nie. Hy het ook op sy tande gekners. Woede het in elke skadu in die sentrum van sy menswees kom huisvesting soek. En gevind. En gedy.

Skadu het betrokke geraak by die renosterbeskermingsprosesse in die Kruger Nasionale Park. 'n Veearts met baie ervaring is waardevol. Hy het immers 'n passie vir die herstel van leed. Hy verstaan seer lank reeds sonder menseverduidelikings. Tyd het sy gemoedleesvermoë gebrei. Hy verkies om nie gesien te word nie. Hy is fiks. Fiks bly is tweede natuur by hom. Soggens is hy voor sonopkoms al kilometers in die veld en tem die aarde. Hy het gaandeweg al hoe meer crossfit bemeester. Hulle bly immers in die bosse. Hy het toegang tot die damme en riviere van ook die bure. Hierdie kwaliteite was die paspoort vir sy toelating tot die hulpverlening aan die Park. Dit seël sy verbondenheid. Aanvanklik het hy saam met 'n veldwagter gewerk. Gaandeweg het sy deelname minder gekontroleerd gebeur. Sommige renosters is dood onder sy hande, ongeag sy beste pogings. Baie baba's is moederloos onderstebo aan lang hangtuie met die helikopter na Care for Wild en soortgelyke veiliger oorde gevlieg. Ander is na die boma's toe in Skukuza. Heelwat renoster-oë het *dankie* gesê, maar steeds te veel het onhoorbaar gefluister *ek waardeer jou moeite, maar ek groet*.

Elke keer as 'n renoster sterf, in bloed, met onhoudbare pyn, gestroop van iets onbenulligs wat hom of haar volledig gemaak het, het Skadu die eerste oomblik in die konferensiesaal herroep. Daar tussen die estetiese rykdom teen die mure. Saam met hierdie herrinnerings was daar die wildsbokkie wat in sy beste maat geskrik en gevlug het, haar wegdraai van hom af, haar rugwerwels 'n soos 'n reeks antieke kraalmure.  Hy het die stroping van Quieta se waardigheid verag. Wat ook al gebeur het toe sy sonder hom in die hebsugglaspaleis was, saamgeneem met die boelie om onnodig nog geld in te betaal vir wat alreeds betaal was. Die vernedering getooi in hof-likheid. Quieta se pyn het deur hom getrek: haar skaamte vir die verwyderde horing, al is dit so betekenisloos.

Die mans kom onder 'n boom tot stilstand. Skadu skuif sy kop stadig effens lings. Verskans soos hyself, wag nagsig skuins voor sy linkeroog, op 'n driepootjie. Die tegnologie pluk die mans nader. Hy kan die man wat hy herken se gesig sien. Die man se lippe is onnatuurlik. Of hy so gebore is en of dit die gevolg is van aanranding en gevegte, wie weet? Hy is 'n veldwagter, in diens, maar beslis nie besig met die uitoefening van sy dienste nie. Hy is waar hy nie moet wees nie.  *The enemy within*. In sy linkerhand het hy 'n pistool. Die ander hand is op sy sy. Hy kniel. Hy beduie. Sy stem is gedemp. Dit lyk asof sy een knieg seer het, hy buig dit nie soos wat verwag sou word nie. Of hy mag 'n gewrig of beengebrek hê. Skadu het nooit voorheen daarna opgelet nie. *Lipgebrek: merk af.  Lingshandig: merk af.*

Vermoed die kêrel dat hy hier is? Hy mag maar bang wees. Hy het al genoeg bang gemaak. Wat renosters betref, al genoeg bang gemaak en doodgemaak.

Hoe kon dit anders dat die Quiet Whispers uit die Numbi gemeenskap liefde getrek het? Aandag.. Belangstelling. Quieta en Hleba (makliker as Ukunyenyeza, en Quieta se noemnaam vir haar nuwe

beste vriendin en medekunstenaar), is vandag bewaring-ikone. Op podiums en soos in die verlede, ook oorsee – waar hulle grootste mark is. Maar veral, in Numbi, in die agterbanke van die kommersiële kunsgallery. Hulle is die moeders van Numbi se inheems-oorsese kunsbeweging. Hulle is die moeders van baie enkelouer-kinders, baie enkellopende vrouens, van ʻn gemeenskap se kinders. Hulle omhels en omvou, en gee uitdrukking aan moederskap. Hulle kunswerke snoerkraal verbondenheid: omgee vir renosters, omgee vir mekaar, omgee vir seergemaaktes.

Quieta het ʻn ligte prakiese 4x4 aangeskaf. Die groep het ʻn kombi bekom, sommer ʻn tweedehandse goedversorgde gewese taxi met goeie diensgeskiedenis. Die kombi is gebrandmerk met hulle naam en uittreksels van hulle deurbraak-motief. Hleba dra die klandisiewaarde. Quieta is die skadu van hierdie beweging. Maar sy is onmisbaar deel daarvan.

Sy omgee en kontak maak met Galeboa was ʻn spontane gevolg van Quieta se gemeenskapsverbondenheid.

Galeboa is ʻn tingerige jong man, maer en nie skraal soos Quieta nie, soos ʻn laken wat heeltyd waai, maar nie wegwaai nie. Galeboa wat onaarts roggel en sonder ophou sy arms beweeg. Die Soetoe-man met ʻn reuse knop op sy voorkop en ingeduikte wangbeen. Die man met stewels wat nooit toegeknoop is nie. Altyd in ʻn verslete buin oorpak. Soos diere kan hy homself nie in taal uitdruk nie. Skadu wou juis daarom met hom kommunikeer. As mens hulle kommunikasie ʻn gesprek kan noem. Galeboa is ʻn weeskind in Numbi, ʻn uitheemse Noordwester, met ʻn meisienaam. Galeboa beteken, letterlik vertaal, die een wat nie (kan) praat nie. Soos die renosters. Hulle stilte is hulle gesprek. Galeboa is stom, nie doof nie. Hy het nie formeel gebaretaal geleer nie, maar sy gebare is veelseggend. Pyn het geskree uit sy oë, het gespreek uit sy gesig, sy dom handbewegings.

Sy uitreik na Geleboa is beloon. Die steteskoop van sy geduld op die man se gebarebrabbel het die stilte verbreek. Hy kon ook die verhaal gaandeweg beter in die man se oë lees. Dit verg soms meer as ʻn fles vars koffie om te vertolk wat hy beduie.  Galeboa wou met iemand praat oor die sindikate wat in die wildtuin opereer, wat renosters stroop. Hy was bang vir die polisie, want heelwat uniformdraers en selfs speurders is self sindikaatlede. Hy het nie die vermoë om met die veldwagters te gesels nie. Een van die veldwagters is daarbenewens aktief besig om te stroop. Hy vrees almal. Niemand het vir hom tyd gemaak nie, want hy is vermoeiend. En ook - hy ontsier.

Skadu het tyd ingeruim. Hy sal vir hulle hout sprokkel, vuur maak, koffie prut en ʻn wors braai. Die natuur het baie geduld. Die natuurgeneser ook. Hy het hom ingesmokkel in die Park as hy opgeroep is om behandeling te gaan doen en kon inglip waar min wagte is of hekwagte wat hy vertrou het. Daar was genoeg tyd vir moeilik gesels, terwyl hulle gery het, ook as hulle wag na operasies vir die verdowingsmiddels om werking te verloor - sodat hulle die mediese impak na behandeling sou inspekteer.

Skadu het al lank genoeg saam met die veldwagters gewerk om te weet die vrees van Galeboa is nie ʻn vals vrees nie. Hebsug loop rond soos ʻn brullende sindikaat en soek horings om te verslind. Geld tref nie onderskeid nie. Selfs die gehardste weerstandigheid gee bes as rande gedy. Selfs as ʻn renoster van natuurlike oorsake vrek, lê, daar waar hy val, immers, ʻn streepsak vol note. Integriteit sal altyd skaarser as renosterhorings wees. In hierdie onthoringde gebied word stompies geoes.



JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024

Die renoster-ma, vyf tree weg van hom af, kreun. Niks beweging van die voete nie. Die moedelose baba het plek verwissel. Net omgeloop. Die baba sit nou op haar boude teenaan die ma se sagdynende maag.

Die mans waaier uit. Daar is genoeg bosse. Die veldwagter-Judas versmelt behendig. Die ander twee loop gebukkend. Hulle is maar skamper verskans. Geloof in die toordokter se doepa beteken duidelik vir hulle meer as gesonde verstand.

Die deurbraakgesprek met Galeboa was op ‘n piesangplaas, een van die vele in die gebied. Skadu het seker gemaak hy was anders geklee as in sy klassieke Laeveld-kakie. Galeboa sou lyk soos ‘n tipiese pakhuispakker. Daarvoor het Quieta en Hleba gesorg. Hulle sou kort ontmoet, met sonopkoms. Kort het ‘n dag geword, vol stil geskreeu. Die nag het hulle gesprek kom oes.

Galeboa is gewerf deur ‘n seun skaars droog agter die ore, maar nooit anders as netjies in helder kleure baie Westers geklee nie en altyd in besit van kontant. Galeboa se eerste beloning was geld, nie baie nie. Hy moes net ‘n pakkie afgee. Dit was ‘n klein dosie. Hy was nuuskurig maar het die drang onderdruk om die pakkie oop te maak. Hy is oortuig daar was niks daarin nie. Later het die pakkies groter geword. Hy is eers betaal in kontant. Toe kontant en ‘n bietjie dagga.

Die werwer het hom geprys met die kompliment dat sy stilte sy krag was.

Dié baie geld; die geheimsinnigheid? Enige aanduiding Geleboa gaan nie die werk voorsit nie, is skamper ontvang. Sy werwer het hom eindelaas na die veldwagter toe gebring. Die einste man waarna Skadu nou deur die monokel tuur. “Weet jy hoe ons mense betaal wat nié lojaal is nié?” Die veldwagter het sy duim spreekwoordelik oor sy keel getrek. Die ander mans het kapbewegings gemaak, soos byle wat val op renosterneuse.

“Vat hom weg.”

Die baie geld het hom met vrees gevul. Die kapbewegings nog meer. Hy was tussen die duiwel en die diep rooi see. Werk en geld of dood.

Hy het nie dood gekies nie.

Die werwer het hom herrinner hy het susters en ‘n ma. Hy het verwys na die mense wat Galeboa aangeneem het. Hulle kan seerkry as Galeboa moeilik raak. Die horing word geassosieer met seksualiteit. Hy weet dit mos. Dit sal op sy familie gedemonstreer word.

Hulle het gelag. Hy het nie gelag nie. Hulle het hom getroos. Niks sal gebeur nie. Hulle word beskerm. Hy moet maar net saam met hulle hulle toordokter besoek.

Hy het hulle gehelp om ‘n klomp  horings te stroop. Die vrag het vir hom te swaar geword. Twee seisone terug het Galeboa gevlug, Noord-Wes toe, waar hy vandaan kom. Dit was ‘n fiasko. Hy ken niemand daar nie. Sy spraakgebrek vervreem hom van almal. Niemand ken hom nie. Hy weet nie wie sy pa was nie, net dat sy pa blykbaar by Marikana gemyn het. Niemand wou hom inneem of hulle oor hom ontferm nie. Sy ruimterowende gebaretaal is vir almal afstootlik. Baie gou was sy geld op. Hy het druipstert teruggekeer Numbi toe.

Die keurder wat sy terugkeer tot die bende moes bevestig, was heelwat ouer as die jong goedgelede kind wat hom aanvanklik gewerf het. Dit was iemand in tel in sy kraal. Hy het insteekplakkies gedra,

'n driekwartbroek en 'n geruite hemp, donkerbril permanent oor sy oë, in een hand 'n pakkie sigarette en as hy nie rook nie, in die ander 'n duur sigaretaansteker wat heeltyd oop en toe geswaai word. Toe Galeboa arriveer, druipstert, vuil van die lang reis hoofsaaklik met geleenthede agterop bakkies, het die man op 'n afgesnyde stomp tussen die hutte langs 'n pappot gesit. Hoenders en die oudste suster van kleiner kinders het rondbeweeg, in die kraal, maar hulle nie aan hom en die keurder gesteur nie. Die jong seun het ook aangesluit. Die seun se wang het verander. Daar was 'n diep sny wat al amper genees het, maar sy lewe lank sy gesig sou bly ontsier. Die keurder het op die grond gespoeg, toe Galeboa by hom gekniel het.  Toe het die keurder woordeloos opgestaan. Hy het Galeboa na die veldwagter by sy huis in Numbi geneem. Na 'n kort taxi-rit het hulle voor die huis gestop. Tussen die ander inheemse huisies, was hierdie 'n kasteel. Binne was die duurste meubels wat Galeboa ooit in sy lewe gesien het. Die een muur was 'n reeks televisies soos in winkelsentrums wat soos 'n grootskermfilm sokkerwedstryde groter as lewensgrote in Numbi ingesteel het. Beste tegnologie in ruwe Afrika. Die uitdrukking gee aan die volmaakte huwelik van status met tradisioneel. Die huis was donker, die klank van die TV af, die skermlig aggressief. Hy het sigaarrook geruik. En vars alkohol.

Galeboa se aanneemouers se een dogter was daar. Die meisie met die erg donker gelaat, skitterwit tande en wolkwit oë, wit kraletjies gesnoer oor haar sagte halslyn. Hy het summier  geweet wat met haar gebeur het. Sy was moeg soos 'n gebruikte waslap. Pap. Swak. Haar oë het hulle glans verloor. 'n Leeftyd was in daardie jong oë. In in haar stil wees. Stiller as hy.

Gestroop.

Hy kon nie vir haar sê hoe jammer hy was nie. Skaars het hy haar herken of hulle het hom met 'n ysterpyp geslaan. Hom van alle kante getakel. Daar was meer as een van hulle. Hulle het uit die skadu's in die huis geskim.  Dit is waar die knop op sy voorkop vandaan kom. Dis daar vir altyd. Dis om hom te herrinner aan die renosterhorings wat geoes is en sal word. Sy eie horing.

Die veldwagter het verskyn van elders in die huis, toe sy eie bloed Galeboa vasgeknoop het aan die duur mat in die middel van die vertrek. Daar was 'n handdoek om sy lyf, water het steeds van sy kop afgerol. Die mans het hom regop gepluk, met sy bloeiende gesig naby die man s'n. Die veldwagter het in sy oor gefluitser: "Jy is fokkol. Verstaan jy, jou mismaaksel. Raak weer weg en jy raak vir altyd weg." Dit was in SeSwati. Hy verstaan na sy leeftyd hier in die Numbi-omgewing SeSwati baie goed.

Hulle het hom na die toorkokter geneem. Hy, sy byl en sy panga is gedoepa.

Hy het meer as nog sewe renosters weer stukkend gekap. Hy is nie doof nie. Die renosters het verskriklik geskree. Hy hoor hulle heeltyd skree. Hulle hou nie op skree nie. Hy kan nie sy gehoor afsluit vir die geluide nie.

Hy is nie lank daarna nie gedwing om die leier sekskueel te bevredig. Of hy, òf sy suster.. "Jy is my renosterhoring," het die veldwagter vir hom gesê. "Jy is fokkol werd. Tog is jy fokken handig."

'n Volgende stroping was op hande. Hy kon nie ophou nie. Maar hy kan nie meer 'n renoster of renosterbaba in die oë kyk nie. In hulle oë sien hy sy suster se oë.

Sy het gevlug.



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

**gestroop**

Skadu het die suster se oë in Quieta se oë gesien, die keer na sy die prokureur skelm besoek het. Hy het net die stilte daarvan.

Galeboa het geweet hy sal sy suster weer sien nie.

Galeboa het aangedui waar die stopers beoog het om in die wildtuin in te kom, waar tegnologie die area dek maar nie genoegsaam dek nie, waar die wagterverspreiding vir dekking onafdoende is, waar die terrein skaars oorbrugbaar is, sonder die regte tuie en behendigheid.

Skadu het Galeboa versoek om hom geleentheid te gee om 'n strategie te bedink.

Quieta sal ineenstort as sy hiervan weet. Hy durf haar nie in sy vertroue neem nie.

Galeboa is uiteindelik gehoor. Hy het onvertroosbaar gehuil. Hy het teen Skadu se been afgegly en Skadu se optrekkouse en vellies papnat gehuil. Hierna was die rukbewegings in sy arms minder, maar dit het nie weggegaan nie. Hy het gesmeek sy aanneemfamilie in Numbi moet nie hiervan weet nie. Hulle mag hom vir sy misdadigheid verag nie. Hulle het hom aangeneem soos die mense die babarenosters aanneem: sonder voorbehoud. Hulle het die beste vir hom gegee. Hulle mag nie weet van die wapen wat hy wegsteek, die seermaak van sy siel, sy nalate om te verhoed het dat sy aanneemsussie se integriteit gestroop is nie, die sodomie wat hom gestroop het nie.

Dit was minder as 'n maand gelede.

Geleboa se lyk is langs die Hazeyview-pad in die bosse gekry, tussen die lang horings van die houtbosbome. Dit was omtrent 'n pappery. Alle aanduidinge is een van die mynvragmotors moes oor hom gery het. Sy liggaam sal mooit weer ruk en wapper nie. Hy sal geen goeie geselskap weer ontsier nie. Galeboa sal niemand uitlewer nie. Sy stom praat is verstil.

Skadu het die wapen wat Galeboa gebruik het vir die stropery baie maklik gekry, toegerol in koerante en plastiek, vol toordokterpoeier om die geweer onder die papiere. Dit was in die modderwal van die amper droë loop – presies waar Galeboa voor sy laaste stilte beduie het. Daar was vlekke daarop. Bloed wat droog geword het. Oerdierbloed. Nie ver van die Hazeyview pad af nie, na Witrivier en waar bosse steeds die pad soom en nie plantasies nie.  Klam  swart klei. Dit loop met mens saam, ver, voor dit afbreek en val.

Daar was ook geld. Kontant. Baie daarvan. Skadu het dit opgebreek in pakkies. Hy sal dit oor tyd aan die aanneemfamilie besorg. Dalk, wie weet, spoor hy nog die suster op. Hulle sal dalk weet dat Galeboa vir hulle waardering gehad het, al sal nie hy of Galeboa dit ooit vir hulle sê nie.

Orals in die rivierbank was daar toordokter-goedjies. Soos klein tydbommetjies en presies maar so betekenisloos en betekenisvol as die renosterhorings. Immers, die spul wat nou hier in sy rigting aankom, is veronderstel om onsigbaar te wees.

Die kwak werk nie.

Hulle is besonder sigbaar.

Skadu sien in sy geestesoog hoe die man met die pistool die stom seun se wil buig, ver buite die grense van menslikheid. Hy sien die vrees in die stom nie-gedrog se oë.

Dieselfde vrees lê straks ook elders in Numbi.

**gestroop**

Naakte taallose vrees.

Die verraaier wat hom nou hier onwetend nader, het lank reeds sy vrees en sy sensitiwiteit, vir die roggels van die oerdier - wat weerloos op sy lot wag, verloor. Dis net ‘n horing. En bene wat nie meer kan hardloop nie.

Skadu het ook sy sensitiwiteit verloor. Sy verstaan, sy vergewe, wat nie na mense kyk nie, maar net na wat hulle doen. Dis weg. Hy kan nou beswaarlik mens *wees* skei van wat mense *doen*. In die stroper se oë lê ook die prokureur se hoogmoed en sy inhoudhol vereistes, geld maak met niks nie, ook die slawerny wat Galeboa te beurt geval het.

Hy het Van Niekerk na Galeboa se dood en voor hierdie ontmoeting vanaand met die veldwagter ontmoet. Hy wou hom ontmoet. Dit het toenemend ‘n fanatieke hunkering geword. Elke keer, op onbepaalde tye, as Quieta se oë versluier en sy kort ‘n ewematige leegheid soos in die stom man se suster se oë verklap, wat sy blitssnel herstel sodat Skadu dit nie moet bespeur nie, het sy verdraagsaamheid vir die klassieke die-wiel-sal-draai gekrimp. Van Niekerk se aggressie oor Quieta se letterlik-verkeerde aanwending van die fondse, die aandrang dat sy gelde moes terugbetaal al was niemand benadeel nie en inteendeel meer kunsmateriaaal gekoop met Skadu se geld sodat die kos en bed en bank geneutraliseer is en sy argument en aansprake net akademies geword het, sy manupilasie dat Skadu onnodig geld moes inbetaal in diens van dogmatiese papier-waarheid eerder as natuurlike geregtigheid, om onnodige waardelose skande aft e weer, was nie meer iets kleins en onbenullig nie. Al was dit klein, was dit groot. Al was dit skynbaar onbenullig, dis onmeetlik baie werd. Dit vergelyk met die houe teen Galeboa se kop, dis vergelykbaar met Galeboa se aanneemsussie se verkragting. Voorheen sou hy gedink het en daarin berusting gevind het elke hond kry sy dag, die dag van berou sal kom. Maar in hierdie laaste seisoene in sy eie lewe, na sy kinderjare waar hy gespaar was van sulke wreedheid, na die Noordwes ervarings van oorgelewer wees aan reëngenade, het Mpumalanga se son wat opkom in die Ooste uitdrukking gegee aan beide groei en skroei. Die staat se strukture het sedert die politieke verandering in 1994, na die nuwe bedeling, so verlam, dat saamgeneem met die verdraagsaamheid van korrupsie ook in die hoogste politieke leierskap, ongeregtigheid gedy. Dis ‘n nuwe seisoen met eiesoortige eienskappe, ‘n regspolitieke seisoen, waar onreg ten onregte gedy. En dit word baie vinnig winter.

Dis verkeerd dat vir letterlik feitlik niks lewens opgeeis word.

Sy ontmoeting met Noemnaamloos was ‘n berekende afspraak. Dit was ‘n stom kort samesyn. Hy het verstom die man se spoggerige voertuig in Numbi gewaar. Dit was in die kampong naby by die weelderige unieke woning van die veldwagter. Sy huiswerk onder die inheemse mense, vriende nou al van hom - na Galeboa, het spoedig aan die lig gebring daar is geen nexus tussen die veldwagter en die neushoring sondernaam kuns-oester nie. Dis nie asof hy of sy praktyk die regsverteenwoordigers van die veldwagter of ander skelms was of is nie. Immers, niemand weet van die veldwagter en sy makkers nie. Hulle is nog nooit arresteer nie. Die nexus was nie toevallig nie. Die kunsbelegger/vraat het kunswerke kom oes. Hy het kom vis hoe om die Quiet Wisper se spontane uitdrukkings van die anderskeurige deelnemers af te rokkel. Sonder Quieta is hulle almal immers naïewe en baie onfiks handelaars. Skadu weet na aanleiding van sy eie subjektiewe ervaring hoe ver Noemnaamloos kan gaan om goeie beleggings in te palm. Dis immers meer werd as eiendomme en kontantprodukte. In ruil vir ongogeling, vir die sprankel in die kunstenaars se oë?



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

**gestroop**

Numbi het nie die luukse kringkamera-dekking soos in die houtbeslaande kantore en gang of ingangsportaal nie. In Numbi is ‘n Westerling soos die stadsprokureur kaler as Quieta se beeld in die spul regspratisyns se raadsaal.  Skadu was onsigbaar daar in die gesofistikeerde luukse van Nelspruit, maar pynlik teenwoordig. In die plaaslike gemeenskappe, soos in die Park, is hy totaal en al onsigbaar.

Sy informasie vanaf die dames in Numbi wat bekend is met die ontvangsdame van die gebou waarin die prokureurskantoor is, en uiteindelik bevestig ook deur sy huishulp tuis, het verklik die vermaerde man was op pad na Sabie vir ‘n uitstalling. In die geweefde tapeserie van die Laeveld se inheemse inwoners trek ‘n fluistering vinniger as die snelste tegnologie. Hy sou vroeg ry, vroeg genoeg om te vertrou daar sal min selfs geen verkeer op die pad wees nie. Die pad ry onder meer oor die treinspoor, na die Mac-Mac valle, naby die Bruidsvalle.

Die inligting was akkuraat.

Skadu het sy 4x4 en  gebreekte takke so oor die pad getrek, die man moes stop. Hy het. Nadat hy uit sy plat kar gekronkel het om vas te stel waarom die konkoksie die pad blokkeer, het Skadu uit die bosse getree. Dit was ‘n kort kristalhelder oomblik toe hy die herkenning en vrees in die man se oë bespreur het. Dit mag ook wees oor die dwelmgeweertjie in Skadu se hand wat sekuur op hom gerig was. ‘n Kortgevulde kort pyl het voor hy sy oë kon knip, in sy bobeen gesteek. Dis nogal ‘n dik naald. Dit kan seer wees as die verdowing nie vining intree nie. Al sou hy kon hardloop, die geweld van die herkenning en die wete hier is rekenskap, het dit nie toegelaat nie.

Skadu is ‘n sterk man. Hy het Van Niekerk opgetel soos ‘n spul bene in sy eie vel. Hy het die liggaam netjies in Van Niekerk se eie passasiersitplek in laat seil. Agter die stuur het hy die flikkerlig laat klik, lings na die valle. Daar was genoeg tyd om beide die voertuie en die takke te verwyder en na die watervalletjie te neem, voordat daar enige ander voertuig opgedaag het. Die balansstaat van die verrassing het geklop.

Skadu het teruggedraf teerpad toe. Hy het die ingangspad, na die waterval, ook behendig met takke toegetrek. Dit was stap na stap die vrug van sy namiddernagse voorbereiding. Zero verdraagsaamheid vir foute.

By die valle het hy met die man deur die strome gewaad. Hy het hom op ‘n rots neergesit. Die water kabbbel om die rots, dis ‘n klipeiland. Die waterval was ‘n grys gordyn agter hulle. Die vog orals oor het die wakker word-proses bevorder. Hy het die man se sleutels op die man se skoot gelaat, sy foon wel geneem en op die droë grond, vyf tree weg, vir hom gewag om tot herstel te kom. Sy geweer was oorgehaal, soos ‘n kierie skuins teen sy been, met ‘n volgende dosis.

Sondernaam Van Niekerk het relatief vining ontwaak. Blitsvinnig het hy sy foon in die reus se hand herken, sy eie hopeloosheid, en geen onsekerheid in Skadu se stom gesig nie. Vir elke debiet is daar ‘n ooreenstemmende krediet. Die boeke klop.

Terwyl Sondernaam sy luukse motorsleutel hierna self na aanleiding van Skadu se swyende beduie in die diepste gat van die rivier gegooi het, het hy homself papnat gepiepie.

“Waar op hierdie foon is dit wat ek soek?” wou Skadu weet. “Hoe maak ek dit oop?” Die prokureur is ‘n goeie begryper. Vingerdrukontsluiting is gelukkig nie nodig nie. Anders was die kunsaanskaffer

dalk 'n vinger ook kwyt. Hy het Skadu deur die proses gelei. Skadu was nie haastig nie. Hy het seker gemaak.

Daar is baie ander foto's op die foon. Nie net Quieta langs haar beeld, soos haar beeld, in die skadulose konferensiesaal nie.

"Hoe verwyder ek dit nie net van die foon af nie, maar van jou *cloud* af?"

Samewerking is maklik as die dood oor jou skouer loer. Dit stroop alle skanse.

Die man het hierna sy klere in uitvoering van Skadu se opdrag van sy liggaam gestroop. Hy het dit in die stroom gegooi. Sy naaktheid was gelyktydig grotesk en pateties. Die dik naald het flussies 'n mooi gat op sy bobeen gemaak, nogal groterig, dit was amper toegeswel. Dit sal 'n merkie los. Vir altyd. Nie 'n geweldige ontsiering nie. Nie uitveebaar nie. Iets amper onbenullig. Hy het begin huil en skree en smeek en bid. Sy figuur was pateties en armmoedig op die natuurlike podium. Hy het deur die stroom gewaad, kermend na Skadu gekronkel. Skadu is nie doof nie, maar hy het niks gehoor nie.

Toe sy skadu oor die gillende analoog val, omdat die sommemaker sy skoene vasgehou en gesoen en kermend na hom opgelyk het, sy vel wit soos 'n vark wat geslag is, sere hier en daar, het hy die geleerde sonder kras woorde in sagte taal herrinner dat al skuif die son hoe ook al, al skuif die seisoene hoe ook al, daar is altyd skadu. As lig gedompel word, uitgedoof word, breek skadu daaruit. In die skadu is hy. Hy is die skadu. Al loop die leuen hoe snel, die skadu haal hom wel. Almal het iets wat vir hulle kosbaar is, almal het iets wat vir ander niks beteken nie, maar vir hulle waardevol is. Hy, Skadu weet. Van Niekerk weet wat vir Skadu saak maak. Skadu weet wat vir die versamelaar saak maak.

Toe hy wegry, het hy geweet stilte sal hierdie ontmoeting volg. Dit sal wees asof dit nooit gebeur het nie. 'n Verleë versekeringseis vir die vervanging van die sleutels mag wel volg. Dalk sy gade se verstommenheid oor haar man se kaalbas mannewales in die berge. Dalk sou fisiese verminking bevredigend kon wees, die vermorseling van die gemors wat met sy kosbaarheid se kosbaarheid gemors het. Die spreivel sal oor tyd die somsoeker laat wens hy was verniel of was selfs vermoor. Maar al wat hy het en gaan oorhou van hierdie kort seisoeneinde, is suiwer vernedering. Vrees. Skaamte. Die ontsiering van sy gemoed. Onsigbaar vir ander. Gering vir ander.

Sy horing is gestroop.

Al groei dit terug, dis nooit weer dieselfde nie.

Skadu wag tot die manne baie nader is, totdat die lêende dier se voete saggies stof opskop in die maanlig, omdat sy hulle erken. Sy weet wat op haar wag. Skadu wag tot die kapbyle in die ander twee manne se hande in die maan weerkaats. Hy wag tot die kalfie verward wonder tussen vlug en by haar ma bly en heen en weer trippel. Die stof demp nie die geweld van die oomblik nie.

Dis tyd. Hy kom in 'n regopsittende posisie. Die onwettige wapen in sy hand is sekuur op die veldwagter gerig.

Die veldwagter sien hom raak. Die maanlig is genoeg: hulle maak oogkontak. In mekaar se oë spieel die bloed in die water en die bloed op die maan.



JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024

**gestroop**

Die twee byldraers merk hom  op.

Skadu was een maal ‘n slagoffer van ‘n gewapende roof. Lank voor hy Universiteit toe is. Hulle was gelukkig, hulp het baie spoedig opgedaag. Die situasie is ontlont. Hy onthou baie goed hoe groot die klein klein gaatjie van ‘n geweerloop word, as mens in die loopgat inkyk. Dit word ‘n tonnel, ‘n grot, ‘n graf.

Hy skiet die eerste skoot in die veldwagter se linkerbo-arm. Dis ‘n sagte plofgeluid. Die tuisgemaakte knaldemper is verstommed effektief. Niemand is doof nie, almal hoor dit sag maar onmisbaar duidelik. Die impak is baie sigbaar. Die geweld van die projektiel stamp die man onderstebo. Soos Galeboa wapper sy arms onnamaakbaar wild. Sy bene vou sy totaal en al binnetoe, asof  hy ‘n lappop is, as hy deur die geweld agteroor gepluk word. Sy gesteelde getoorde pistool woer in die bosse in. Hy tol om en land viervoet langs die groot stil romp van die moederrenoster. Sy hande krul om sy bo-arm. Hy gil. Dis nie woorde nie. Net onaardse geluide. Dit trek ver.

Niemand luister nie.

Die baba-renoster hardloop ‘n entjie weg.

Die twee ander manne gil, hulle gooi die byle in die bosse. Hulle spaander in die naglig in. Die onsigbaarheidstof volg hulle soos ‘n wolk. Die toordokerdoepa werk vir die eerste keer. Hulle verdwyn.

Skadu staan nou regop. Sy lengte is intimiderend. Sy stilte nog meer.

Sy tweede skoot tref die handwapen. Dit skiet in die nag in.

Skadu wag.

Die man kruip-seil weg.

Skadu skiet sy regterhak flenters. ‘n Hak is nie so onbenullige liggaamsdeel soos ‘n renosterhoring nie. Die keuse is doelmatig. Dit veroorsaak nie dood nie. Mens se hak staan egter nie verniet as die achilles bekend nie. Die wagter probeer die hakwond met sy bloeiende arm toedruk, terwyl die ander hand oor die bloeiende bo-arm klamp.

Die ontsierings sal nie die man se lewe kos nie. Dit gaan hom beslis nie red van die arrestasie later vanoggend nie. Dis amper onsigbaar en so gering in die konteks van mens se hele liggaam. Die vleiswond sal spoedig genoeg genees. Die hak nie. Maak hy sal ‘n manier vind, weer, om te beweeg. Miskien krukke, net een kruk, dalk maar net ‘n nuwe mank manierisme. Bietjie later vandag sal dit nie moeilik wees om sy spoor te sny nie. As hy spore laat...  tyd gaan nie onbepaald sy vriend wees nie.

Skadu wag. Die man weet glad nie wie hy is nie. Hy sal ook nooit weet nie. Die venster van Skadu se kamoeflering, die oortrekmus en daaronder nog droë klei, bied aan die veldwagter slegs Skadu se oë.

Die man herken nou Galeboa se geweer. Sy gesig verouder.

Skadu lig sy regtervoet. Hy maak seker. Die man sien die kloutjies onder die sole goed raak.

Die stroper pis homself papnat.

**gestroop**

Sal die wêreld nie ‘n beter plek wees sonder stopers nie? Sonder mense wat ander mense se integriteit skend, deur van hulle te neem, wat klinies dalk nie eers saak maak nie?

Die wêreld het meer Silent Whispers nodig. Meer renosters. Meer beskermers van sulke stil fluisteraars en oerdiere. Die wêreld het horings nodig. Seisoene wat die stropingseisoen oorheers. Sonder begin, sonder einde. Seisoene waar genade die stempel afdruk, waar skadu’s nie die leuen moet inhaal nie. Seisoene van geregtigheid sonder skadu’s, omdat korrupsie nie die geregtelike prosesse vermink nie.

Dit sal ook regkom. Soos die horings teruggroei, sal meer betroubare geregtigheidtoepassing die lang winter breek.

Skadu skroef die knaldemper af. Hy verwyder elke moontlik heenwysing na enige iets iets anders as die skadus, wat heeltyd hier was.

Hy stap na die twee gewondes toe. Die koei is nog nie dood nie. Sy kan nie meer gered word nie. Hy skiet haar dood.

Dit maak seer.

Die kalf hardloop in die rondte, groter sirkels om hulle.

Dit maak seer.

Die veldwagter lê oor die renoster, een arm oor sy kop, ander hand op die polsende hak, huillag letterlik trane en snot. Stringe daarvan. Hy wag vir sy doodskoot. Hy sal nie so gelukkig wees nie.

Skadu skroef die knaldemper af. Hy skiet die magasyn leeg in die naglug in.

Die veldwagters sal dalk nog self die skote hoor. As hulle dit nie self hoor nie, sal die tegnologie die incident-aanmelding verseker: die *shotspotters* sal die geweervuur optel. Triangulasie sal die liggingkoördinaat akkuraat verklik. Koue spoor-honde en die helikopter word waarskynlik reeds ontbied. Die ontplooide spanne sal ‘n ruk later ‘n veearts ook kontak om te kom help.

Die veearts sal kom. Toevallig is hy al reeds in die wildtuin.

Hulle sal die babarenoster dan na die boma’s in Skukuza neem. Of uitvlieg na Care for Wild.

As die veldwagters betyds opdaag, gaan die man van sy vryheid gestroop word. Gemerk, in ‘n geringe maat anders maar steeds dieselfde, ontskeen en nie onthoring nie, in teenoorgestelde aanhouding as die oerspesie.

As hulle nie betyds opdaag nie, sal die hiëna’s lag.

Die veldwagter se seisoen van skynbare soewereiniteit is verby.

Is ‘n renoster ‘n renoster sonder sy horing? Kan die afwesigheid van iets wat niks werd is nie, die renoster stroop van renoster wees? Sal die samelewing die mense mis wat die verkeerde persepsie lewend maak en lewend hou dat die horing ten duurste verwyder moet word? Kan mense spog met sulke gesteelde horings?

Die babarenoster kom sit weer teen die ma, naby die ineengekrenkte man. Die veldwagter begin wegkruip, asof hy luiperdkruip, maar daar is geen luiperd in sy bewegings nie.



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*

**gestroop**

Dis 'n unieke seisoen.

Skadu verdwyn in die spore van 'n buffel wat agteruit loop.

Horings moet opgepas word.



*JC Engelbrecht +27827845682 jan@mindmatters.co.za 2024*